Newsletter
Nuusbrief

October/Oktober 2013

It is with a much lighter heart that I am compiling and finishing off this issue of the newsletter. There has been fairly widespread rain in areas where it is desperately needed and, according to the forecast, a promise of more to come. Another reason is the success of our recent activities.

Report Back:

2013 Nasionale Veiling/National Sale

Na al die naels kou, bloed sweet en harde werk is dit wonderlik om te kan sê dat ons Nasionale Veiling op 05 Oktober baie geslaagd was. Al die goedgekeurde diere is verkoop en die hoogste prys van R65 000-00 is behaal vir die nou reeds bekende bul, Malgas (GN 08 0002) - Baie geluk aan ANL Boerdery. Wat ook verblydend is, is dat die koper 'n kommersiële teler is. Ons het nie die top prys van verlede jaar gehaal nie, maar ons het wel vanjaar 'n ander mylpaal behaal met die veiling se omset wat vir die eerste keer meer as R1-miljoen was. Die gemiddelde pryse van die veiling is as volg:

Bulle / Bulls:

SP (16)-	R34 937-50
Aanhangsel/Appendix C (2) -	R29 000-00
Aanhangsel/Appendix B (8) -	R28 375-00
Algeheel/overall -	R32 461-54

Vroulike Diere / Females:

SP (9)-	R24 666-66
Aanhangsel/Appendix B (1)-	R15 000-00
Aanhangsel/Appendix A (3)-	R16 166-66
Algeheel/overall -	R21 961-54

Ten spyte van baie droë toestande in meeste dele van die land en algemene swak ekonomiese omstandighede kan hierdie Nasionale Veiling as suksesvol bestempel word. Die verkopers het hul tevredenheid uitgespreek met die pryse wat behaal is op die veiling en ek is seker dat kopers sou saamstem dat Senepol diere steeds bekostigbaar is vir beide stoet- en kommersiële telers.

Vanjaar was die eerste jaar dat die Nasionale Veiling by die Afridome te Parys aangebied is. Almal was baie tevre met die verskuiwing van lokaal. Dit was 'n aansig om te aanskou om al die veilingsdiere in die groot onderdak arena te sien. Daar was selfs die aand voor die veiling een van die Raadslede wat met 'n glasie wyn in die hand rondgestap het tussen die diere - beslis 'n "eerste" van eie soort!

Dankie aan CMW, Ian Grobbelaar en sy span, vir hul harde werk en bydrae wat tot die sukses van die veiling gelei het.

Also thank you to the auctioneer, Brandon Leer, for a job well done.

Report Back - Terugvoering

2013 Information Afternoon

A very busy morning screening the sale animals preceded the information afternoon. A huge thank you to our guest speakers for their very interesting presentations. Also thank you to Bruce McIntosh for providing the animals for the practical demonstration.

Mr. Herman Labuschagne of S.A. Stud Book started off by explaining the uses of the Logix system and offered practical help to those who wanted more hands-on assistance.

Mr. Kobus Wessels, Area Manager of Afrivet, gave a very interesting presentation about herd management (I saw a number of breeders taking notes) and Mr. Fanie Ungerer, the regional representative of Afrivet, presented a sponsored prize of 20l Clout (see below) and provided information and pamphlets regarding their products and services.

Lastly, Mr. Keith Ramsay of the National Dept. of Agriculture rounded off the event with a practical demonstration and presentation about functional efficiency of both male and female animals.

CLOUT G1447 (Act 36/1947)

Registration Holder: Cooper Veterinary Product (Pty) Ltd Mpy Reg No 2002/021376/07 Posbus 46 Isando 1600 RSA

Marketed by: Afrivet Business Management (Pty) Ltd, (Co. Reg. No. 2000/011263/07) P.O.Box 2009, Faerie Glen, 0043. Tel. (012) 991-6416.

Deltamethrin 1 % m/v

Controls ticks, stable flies, horn flies, cattle louse flies and nuisance flies e.g. house flies, protects against blackflies on cattle. Control Karoo paralysis, bont-legged and red-legged ticks on sheep and goats.

OXPECKER COMPATIBLE.

Withdrawal Period:
Meat: None
Milk: None
Packaging available:
200 ml, 500 ml, 1 l, 20 l

1 ml / 10 kg | 1 ml / 5 kg | 1 ml / 5 kg

2013 Senepol Dinner

A huge thank you to Craig and Samantha Richardson for sponsoring (Craig) and doing (Sam) the table decorations for the dinner. A good time was had by all and the food was delicious.

VIP guests Herman Labuschagne and Keith Ramsay were among the visitors and members at the dinner.

2013 Senepol Kudde van die Jaar

Soos in die verlede, is die Senepol Kudde van die Jaar toekenning tydens die dinee oorhandig. Elke jaar vergelyk Siebert Vermeulen van S.A. Stamboek die Senepol kuddes met mekaar en stel 'n kortlys van 3 kuddes saam wat geselekteer is op, onder andere, TKP, DSK, kudde groote, prestasie data op datum (verskillende stadiums, volledigheid), kudde data op datum en of gelde opbetaal is. Hierdie lys word aan die kantoor gestuur en dan aan 'n Raadslid besorg vir die finale seleksie uit die drie finaliste, wat onder meer gebaseer word op die stoet/persoon se bydrae tot die ras en Genootskap. Vanjaar is die trofee deur Mnr Kevin Cloete van Circle C Ranches, wat die wisseltrofee geborg het, saam met die 20l Clout wat deur Afrivet geborg is, oorhandig aan die 2013 wenner, Basil Butler van die Calcrete Stoet. Congratulations Basil.

DNA Parentage Verification Tests

By now the members nominated by S.A. Stud Book for these compulsory tests should have sent in their parentage verifications. The next round of random nominations will be done by Stud Book later in the first half of 2014.

Breeders are advised to retain hair samples of the bulls they use in their herds, possibly even those that are sold, so that the DNA profile can be obtained at any time in the future if necessary. Both Stud Book and Unistel have pre-printed sample envelopes that may be used for this purpose. There are a number of these envelopes available from the office or, alternatively, they may be requested from either institution. Keep these samples, appropriately marked and labeled, in a safe place for future use. Once genomic analysis is viable for the Senepol breed in South Africa, these hair samples may prove to be extremely valuable for extraction of DNA data not usually documented in standard DNA profiles.

Administrasie van Voor- en/of Agtervoegsels

Tot onlangs toe was S.A. Stamboek daartoe gelas om die administrasie van voor- en agtervoegsels te behartig. Hierdie taak is nou deur die Dept. van Landbou aan die LNR opgedra. Daar sal voortaan 'n verhoging in die verwante kostes wees. Soos in die verlede, sal telers steeds die aansoek aan Stamboek stuur (saam met die betrokke fooie) en hulle sal namens die teler en Genootskap met die LNR skakel om die registrasie, kansellasie of sessie te laat doen.

2014 Joernaal

Soos gebruiklik, is die agterblad, binne-voorblad, binne-agterblad en bladsy 3 van die 2014 Joernaal tydens die Senepol dinee opgeveil en elk aan die hoogste bod verkoop. Baie dankie aan diegene wat hierdie blaaie gekoop het.

Werk aan hierdie uitgawe van ons Joernaal moet nou reeds begin en ek rig hiermee 'n versoek aan alle lede om asseblief te help met u fotos en advertensies, die werf van buite adverteerders, idees vir artikels en artikels wat u self skryf of bekom. Alle hulp sal waardeer word. Advertensie besprekingsvorms sal binnekort aan alle lede gestuur word. Maak seker dat u vroeg bespreek, aangesien die advertensies, behalwe vir die wat vooraf verkoop is, geplaas word in die volgorde waarin hulle ontvang word.

Food for Thought

Before you judge my life, my past or my character...
Walk in my shoes, walk the path I have travelled, live my sorrow, my doubts, my fear, my pain and my laughter...
Remember, everyone has a story.